LAERSKOOL HELDERKRUIN

Privaatsak X01, Helderkruin 1733
Telefoon: 764 2506/7 Faks: 764 5602
E-Pos: helder2@global.co.za
Webblad: http://www.laerskoolhelderkruin.co.za

Omsendbrief 02/18

2018 01 29

KRUINER KLETS

"Met elke daad saai jy 'n saadjie, selfs al sal jy nooit die oes sien nie."

\- *Anoniem*

Geagte ouers

1. SPORT

1.1 Atletiek

1.1.1 Dankie aan al die atlete wat Saterdag, 27 Januarie aan die Top 20 byeenkoms deelgeneem het.

1.1.2 Sterkte aan die atlete wat môre, 30 Januarie te Kenmare deelneem.

1.1.3 Neem kennis van die skrywe insake die Interlaer wat op 5 Februarie plaasvind. Leerders ontvang môre, Dinsdag, 30 Januarie 'n brief in die verband.

(E de Klerk)

2. D6 SCHOOL COMMUNICATOR

Ouers word herinner om te registreer op die D6 School Communicator om die nuutste inligting vanaf die skool te ontvang. Laai dit af op u selfoon of rekenaar en bly op hoogte van aktiwiteite.
(I Mitchley)

3. WAGKLASSE

Die graad RR tot 3-leerders wie se ouers hulle nie direk na skool kom haal nie, moet vir hulle eie veiligheid in die wagklasse bly tot 13:45. Indien die ouers egter voor 13:45 (byvoorbeeld 13:30) die kind/ers kom haal, moet hulle by die wagklas af Leerders sal nie toegelaat word om die klas op hul eie te verlaat nie.

Indien u die kind/ers wel om 13:30 kom haal en u wag vir u ander kind/ers wat eers om 13:45 uitkom, word u versoek om toe te sien dat die kind/ers wat vroeg gehaal word by u wag en nie tussen die klasse en in die tuine speel nie. U samewerking word hoog op prys gestel.
(Bestuur)

4. SKOOLTYE VIR GRAAD RR/R EN 1

Vanaf vandag, Maandag, 29 Januarie verdaag Graad RR/R en 1 leerders om 13:30.
Graad 4 tot 7 leerders verdaag om 13:45.
(Bestuur)

5. AFVALPAPIER



Dit sal waardeer word indien u alle afvalpapier soos ou tydskrifte, koerante ensovoorts saam met u kind skool toe sal stuur. Die skool ondersteun 'n herwinningsprojek waarby ons finansieël baat.
(R van der Watt)

6. BERIGTE EN VERSPREIDING VAN PAMFLETTE

Die volgende advertensiegeleenthede word deur die skool aangebied:

6.1 'n Kort berig (50 woorde, geen prente) in die weeklikse omsendbrief – R200,00 (per maand, per berig).

6.2 Uitdeel van pamflette – R1000,00 vir die hele skool en R500 indien dit slegs vir Grondslagfase/Intersenfase is.

(R van der Watt)

7. "IT SLIMKOPPE" KLUB



Aangeheg 'n breedvoerige skrywe in verband met die skool se "IT Slimkoppe" klub. Let asseblief daarop dat die klasse reeds 29 Januarie 2018 begin.
(E Steyn)

8. GRAAD RR/R ONDERWYSERES AAN DIENS DIE WEEK

Mee élRaana Barnard (Graad RR), Ursula Niehaus en Erika Lombard (Graad R'e) sal hierdie week aan diens wees vanaf 06:45. U neem dus u kleuter na die bogenoemde klasse/personeel. Die ander personeel is eers van 07:15 af by hul klasse.
(L Kapp)

9. GEMEENSKAPSPROJEK: INSAMEL VAN SKRYFBEHOEFTES



Ons vra u om ons te help deur enige potlode, vetkryt, liniale ensovoorts wat u kind nie meer gebruik nie skool toe te stuur. U is ook welkom om ou lêers te stuur. Ou legkaarte kan ook vir die jonger leerders gegee word.

U is welkom om selfs ou skooltasse, skryfbehoeftes en pennesakkies te stuur.
(Bestuur)

10. FINANSIES

10.1 Rekeningstate

Die Januarie maandstate is reeds uitgestuur. Indien u nie 'n staat ontvang het nie stuur asseblief 'n e-pos aan elenasmit@kruiners.co.za met volle detail (leerder detail en e-posadres), sodat u besonderhede nagegaan kan word.

As gevolg van beperkings wat op ons geplaas word, word geen interim state uitgestuur nie. Die volgende maandstate sal einde Februarie uitgestuur word.

10.2 Betalings

Vergewis u asseblief met die skoolgelde deur ú betaalbaar asook die betalingsdatums. Skoolgelde kan per EFT, kontant by u naaste Nedbank tak of per kredietkaart (tussen 07:00 en 14:00 op skooldae) vereffen word. Dit is van kardinale belang dat u die korrekte verwysing in die korrekte volgorde gebruik nl. (Rekeningnommer, van van oudste leerder).

(E Smit)

11. KENMEKAAR, 2 FEBRUARIE 2018

Kenmekaar 2 Februarie 2018

Ons hou Boeresport … dit gaan VET pret wees.
Kom koop ook sommer jou aandete, ribburgers,
boereworsrolle en quiche.
Moet dit NIE misloop nie!! Sit NOU die datum in jou dagboek.

12. BELANGRIKE DATUMS

Baie sterkte aan almal wat hierdie week by die onderskeie aktiwiteite betrokke is!

29 Januarie 2018	-	Juniorkoor oefening (Slegs graad 2 en 3)
	-	Taakraadopleiding: 18:00 tot 19:00
30 Januarie 2018	-	Amptelike toets: Afrikaans (Graad 7)
		Atletiek: Kenmare (weg)
31 Januarie 2018	-	Juniorkoor oefening (Slegs graad 1)
2 Februarie 2018	-	Kenmekaar
3 Februarie 2018	-	Atletiek vs Louw Geldenhuys (weg)
5 Februarie 2018	-	Interlaer

Helderkruingroete

C SCHUTTE EN REDAKSIE
HOOF

Neem kennis dat daar nie volgende Maandag, 5 Februarie, as gevolg van die Interlaer, 'n Kruiner Klets uitgegee gaan word nie, maar wel op Dinsdag, 6 Februarie 2018.

Toetsrooster:

GRAAD 4 TOT 6 EN GRAAD 7
KWARTAAL 1

Toetsdatum	Amptelike toets Graad 4 tot 6	Graad 7
30/01/2018		Afrikaans
06/02/2018	Afrikaans	Engels
13/02/2018	Engels	Wiskunde
20/02/2018	Wiskunde	EBW
27/02/2018	NW & TEG	NW
06/03/2018	SW	SW
13/03/2018	PSW	LO
20/03/2018		TEG

GEKLASSIFISEERDE BERIGTE

Montego Hondekos

25kg. Adult – R395,00

Sterlig Kwekery
34 Ontdekkersweg
(Langs Tommy Martin Delta, oorkant Monument Toyota.)
082 92 11 4 22

Huiswerk / Studie Groepe - na skool
nou beskikbaar tot 6nm elke dag
Met rekenare, wifi – opgelyde personeel
Vervoer kan gereel word
Kom kyk !

Kip Mc Grath Education Centre
Adres: Galena Laan 30,
Helderkruin
Skakel : Carolyn Smit : 078 423 4118

Strandhuis op Marina Beach

Pragtige 3 slaapkamer vakansiehuis op Marina Beach langs Sanlameer in KZN. Geleë teen die lagoon by Kent Baai en 2km vanaf die blouvlag hoofstrand.
Billike verblyftariewe. Kontak Suzette Prinsloo op 082 928 7515.
prinslookobus03@gmail.com
Kobus Prinsloo 072 061 5295

Skets en skilderklasse

Bevorder jou kind se kreatiwiteit!

Corry bied gespesialiseerde skets/skilder-klasse met 'n verskeideneheid mediums soos potlood, olie en akriel aan.

Klein groepies met individuele aandag.

Meer inligting: Corry Larsen 083 656 2179

Is jou kind se lees op standaard of leer hy/sy nog hoe om te lees? Begin sommer vroeg in die jaar en verseker dat jou kind sy/haar volle potesiaal bereik. Bespreek nou 'n evaluasie en skryf in vir leesklasse by die Tina Cowley Leessentrum Helderkruin: 0729130785 of tchelderkruin@yahoo.com

A& B KUNSSENTRUM

Kunsklasse met 'n ander kleur! Net belangstelling en bereidwilligheid is hier nodig! 'n Sessie per week sal u kind se talent, kennis en sluimerende vaardigheid stimuleer en nie frustreer! Vir meer inligting haal 'n inskrywings-vorm af by me A Botes in die kunsklas van Laerskool Helderkruin.

Leerders vanaf graad 2 tot graad 7 is welkom

Navorsing bewys dat **Konsentrasie** geleer kan word!

Edublox Lees- en Leerkliniek bied aan u 'n gespesialiseerde diens om nie net u kind se konsentrasie te verbeter nie, maar om ook lees en leesbegrip te verbeter wat beter akademiese prestasie verseker.

Maak 2018 'n akademies suksesvolle jaar.

monique@edublox.com

19 Ouklip weg, Roodekrans

082 531 7200

www.edubloxsa.co.za

M & E Modelskool

Nuwe Seisoenkursusse begin week van 29 Januarie 2018.

Kontak Estelle 0843109908 vir meer inligting.